# KOMMUNIKAMMA 4 FEBRUARIE 2024

Ons is 'n gemeente onder konstruksie van die Heilige Gees. Kom ons laat toe dat Hy in hierdie jaar elkeen van ons al meer sy fontein van liefde sal maak.
Kontak asb. met groot vrymoedigheid met enige van ons indien jy enige versoeke of vrae het.


Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken


**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**
**<u>Sondag 4 Februarie</u>**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE (Tema: Gordel van Waarheid)**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**11:30 FAMILIE PIEKNIEK @ WESTVIEW se skool swembad (kontak jou Jeugmentor vir meer inligting)**
**18:00 LEEF@KERK**

**Skriflesing: Esegiël 33**
**Tema: Waagmoedige Leierskap**

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb. kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Ons is die Here vreeslik dankbaar dat ons Sondag tydens die eietydse erediens 5 **<u>nuwe kerkraadslede</u>** kan bevestig: Petru Vlok, Ellenette Meiring, Christoff van der Merwe, Jannie Peens en Heinrdrich Albertyn

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir ons gemeente se Jeugbediening**

**<u>Volhoubare voedsel (Groentetuin)</u>**
Sondag na afloop van die eerste erediens is jy welkom om vir jou 'n paar saailinge vir jou groentetuin aan te skaf. In samewerking met *Gardens of Faithfulness/Farming Gods* way is daar 20 stelle saailinge in die kerk se vierkant te koop. Vir R25 voorsien ons jou van **<u>10 Spinasie</u>** steggies, **<u>10 Sprietui (</u>**Spring Onion) Steggies, **<u>10 Beet</u>** Steggies en **<u>25 Groenboon</u>** sade. Die idee is dat jy dit dan gaan plant, of iemand leer hoe om dit te plant, en daarvolgens kan ons mense en gemeenskappe help om meer volhoubaar te leef. Jy moet asseblief 'n houer saambring waarin ons die plantjies vir jou kan plaas.

**<u>WEEK VAN GEBED</u>** (Maandag tot Woensdag)
Die tema van die Week van Gebed hierdie week is: **Bid gedurig** (1 Tessalonisense 5:17)

**Maandag 5 Februarie**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**18:30 WEEK VAN GEBED**
**'n Lewe van Gebed** (Markus 1:32-35 en Lukas 5:16)
Vraag vir die aand: Hoor en verhoor God alle gebede?

**Dinsdag 6 Februarie**
**18:30 WEEK VAN GEBED**
**Gebed slaggate:** Sonde (Jesaja 59:1-2); Ongeloof en Onvergewensgesindheid (Markus 11:22-25); Selfsugtige gebed (Jakobus 4:3)
Vraag vir die aand: Alles is reeds vooruit beplan? Kan gebed God van plan laat verander?

**Woensdag 7 Februarie**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**18:30 WEEK VAN GEBED**
**Gebed riglyne** (Matt 6:5-15)
Vraag vir die aand: Hoe maak ek gebed 'n groter deel van my lewe?

**Vrydag 9 Februarie**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 11 Februarie**
**08:30 EIETYDSE DIENS KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

## GEBEDSAKE:

- Week van Gebed
- Bediening by Kleinskool
- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Elaine Greyling se seun, Ernst wat behandeling kry. Elaine sukkel self ook met haar gesondheid.
  Joan Crous wat met gesondheid sukkel.
  Naomi Heyns en Christoff Bosch wat herstel na operasies.
  Johan Louw wat aansterk by Aurora.
  Dank die Here vir Henning Liebenberg se herstel. Bid vir volkome genesing.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Almal wat ondersteuning bied aan vlugtelinge uit die lande.
- Vakatures by Grasvoëlkop en Algoa gemeentes en eersdaags ook by PE-Noord gemeente.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam met gelowiges, wat in die minderheid is in **Somalië**, wat geweldig ly onder vervolging en marteling.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**RAAK BETROKKE**

Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat voor die eietydse diens mense groet in die voorportaal, die regstreekse uitsending van eredienste, persone wat bereid is om kerkraadslede of dienswerkers in hulle wyke te wees, persone wat deel wil wees van die gasvryheidsbediening en persone wat wil help met die opneem en tel van die dankoffer by die deure op 'n Sondag. Indien jy graag betrokke wil raak, kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 4 Februare | Leon Barnard, Albert du Plessis, Valerie Pieterse, Sonja Redpath, Nancey Rudolph, Corne Schoeman en Hannes Vlok |
| 5 Februarie | Steven de Groot en Doré Grobler |
| 6 Februarie | Philip de Lange, Heide Gerber, Berto Kleinhans, Theunis Nortjé, Ernst Stapelberg en Alexander van Eck |
| 7 Februarie | Hennie Botes, Elzaan de Kock, Amelie Kloppers, Lensia Knoetze, Tashné Smith en Cerene van Tonder |
| 8 Februarie | Sue-Ann Delport, Gawie le Roux en Marushka Poovan |
| 9 Februarie | Hoppie Hiscock, Heidi Nothnagel, Hester Taljaard, Ansie van Graan en Amalia van der Westhuizen |
| 10 Februarie | Marnus Winter |

**KATEGESE PROGRAM KWARTAAL 1+2**

| **Datum** | **Kraggakamma Gemeente Kategese 2024** |
|---|---|
| **28 Januarie** | **Gesprek 1: 09:45** |
| **4 Februarie** | **Gesprek 2. 09:45. Familie Piekniek en swem @Westview (11:30)** |
| **11 Februarie** | **Gesprek 3. 09:45.** |
| **18 Februarie** | **Belydenisaflegging. Gesprek 4. 10:00.** |
| **3 Maart** | **Gesprek 5: 10:00** |
| **10 Maart** | **Gesprek 6. 09:45** |
| **17 Maart** | **Gesprek 7. 09:45** |
| | **VAKANSIE (20 Maart tot 2 April)** |
| **7 April** | **Gesprek 8. 10:00** |
| **14 April** | **Gesprek 9: 09:45** |
| **21 April** | **Gesprek 10: 09:45** |
| **28 April** | **Gesprek 11: 09:45** |
| **5 Mei** | **Gesprek 12: 09:45** |
| **12 Mei** | **Gesprek 13. Moedersdag. 10:00** |
| **19 Mei** | **Gesprek 14. 09:45** |
| **26 Mei** | **Gesprek 15. 09:45** |
| | **VAKANSIE (14 Junie – 9 Julie)**<br>**Avontuur week 24-28 Junie- (Tema: Under the Sea)** |

**JEUGMENTORS**

Ds Toit wil graag vir die geloofsgemeenskap baie dankie sê vir die **3 nuwe kleuterkerk bedienaars, en 2 nuwe jeugmentors** wat die afgelope twee weke na vore gekom het. Ons is dankbaar vir julle diensbaarheid, en sien uit daarna om saam waarde-toerusting tot ons Jongmense se lewens by te voeg.

**MTR SMIT KINDERHUIS**

Indien jy die vreugde van die verjaarsdagvieringe van MTR Smit Kinderhuis wil ervaar, kan jy gerus vir Debah van Eeden (082 933 2443) kontak. Ons huis is die tuiste van 11 pragtige dogters, en ons probeer elke verjaardag spesiaal maak deur cupcakes, eetgoed en koeldrank te voorsien. Jou betrokkenheid kan 'n groot verskil maak in die lewens van hierdie dogters. Of jy nou as 'n selgroep, vriendegroep, of individu deelneem, jou bydrae sal 'n impak hê en 'n glimlag op die gesigte van hierdie dogters bring.

**VROUE IN AKSIE** (Ons gemeente se vroue bediening)

'n Geleentheid om betrokke te raak by die beplanning en organisering van geleenthede vir vroue word op Maandag, 12 Februarie om 18:00 by die kerkgebou gehou. Jonk en oud is welkom!

**WÊRELDBIDDAG VIR VROUE EN MANNE: 29 FEBRUARIE**

Saam met Lorraine en Sherwood gemeentes hou ons hierdie jaar Wêreldbiddag op 29 Februarie om 18:30 by Lorraine gemeente. Willie Joubert en Leon Ferreira gaan ook daar optree. Gratis kaartjies, om getalle te bepaal, is beskikbaar by ons kerkkantoor. Hamburgers om voor die geleentheid by Lorraine te geniet is te koop teen R35 per Hamburger ook by ons kerkkantoor.

**BYDRAE AAN DIE BYBELGENOOTSKAP**

Kraggakamma gemeente het volgens die ringsverslag van die Bybelgenootskap R102 062 bygedra vir die Bybelgenootskap. Dit is R98.52 per belydende lidmaat. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheid bydrae.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan